

# Die Fontein

## Volhard in gebed

Hoe bid ek?

Gedra in gebed

Gebed – die gelowige se lewensaar

Maart 2026 03/26 GK Pretoria-Annlin Maandblad

Die Fontein
Maandblad

## HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN
MAART 2026

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

### Redaksioneel


01 Uit die redakteur se pen


### Geestelike groei


02 Woordoordenking: Bid sonder ophou

03 Gebed – die gelowige se lewensaar

05 Hoe bid ek?

06 Gedra in gebed

08 Ek tel my seëninge

09 Gebedsversoeke: In Tye van Stryd


### Gemeentenuus


10 Potjiekoskompetisie 2026

12 Fliekaand! / 'n Oggend van kreatiwiteit

13 Die Amazing Race

14 Katkisasie 2026 / Ons Here is getrou!

15 Kerkfinansies

17 Ons leer ken ...


### Rubrieke


18 Kollig: Jeug

19 Diakonie: Kongres

20 Dit Borrel in my!

21 Blokraai

22 Het jy geweet?

23 Diere en voëls van die Bybel

24 Tienerfokus


### Kinderhoekie


25 Kortverhaal

26 Kleuterpret

27 Jongmensjolyt


### Advertensies


28 Blokadvertensies



**Teks vir die maand:**

**Praat met die Here elke keer as julle die kans het. Moet nooit moeg word om te bid nie. Hy hoor! (DB)**

**1 Tessalonisense 5:17**

# Redaksioneel

## Uit die redakteur se pen



Gebed vorm 'n belangrike gedeelte van elke gelowige se lewe. Wanneer dit voel of alles in jou lewe net opdraande is, is dit egter nie altyd so maklik om in gebed te volhard nie, want ons begin twyfel, raak ongeduldig of voel moedeloos. Net so is dit ewe maklik om bietjie van God te vergeet wanneer alles in jou lewe voor die wind gaan.

En dit is juis waarop ons in hierdie maand se Fontein fokus met die tema **"Volhard in gebed"**.

George Müller het geskryf:

**"I live in the spirit of prayer. I pray as I walk about, when I lie down and when I rise up. And the answers are always coming. Thousands and tens of thousands of times have my prayers been answered. When once I am persuaded that a thing is right and for the glory of God, I go on praying for it until the answer comes. George Müller never gives up!"**

In Die Boodskap in Filippense 4:6-7 word ons tema, Volhard in gebed, duidelik en verstaanbaar uiteengesit. Ons lees: Moenie oor dinge sit en tob of jou bekommer nie. Gaan praat met God daaroor. Bespreek dit met Hom. Vertel Hom hoe jy daaroor voel. Sê dan vir Hom dankie dat jy met Hom daaroor kan praat en dat Hy die beste weet. Jy sal dan verlig en tevrede voel. Jy sal hierdie verligte gevoel nie altyd kan verklaar of wetenskaplik kan uitlê nie. Omdat jy egter weet dat jy aan Jesus behoort, sal jy nie meer omgekrap voel nie. Hierdie wete dat Jesus by jou is, sal keer dat die bekommernisse weer met jou emosies weghardloop of dat jy jou weer van voor af begin bekommer.


Jakobus sluit in sy brief (Jakobus 5) by hierdie gedagtes aan en gee as't ware 'n lys van verskillende situasies waartydens ons moet onthou om te bid. Hy sê:

- As jy swaarkry, moet jy bid.
- As jy opgeruimd is, moet jy sing en dankie sê.
- As daar siekte is, moet daar gelowig vir genesing gebid word.
- As daar rusie of onderlinge verskille is, moet dit bely en daar gebid word dat die situasie uitsorteer en opgelos kan word.
- As jy gesondig het, maak nie saak hoe nie, moet jy bid en vergifnis vra.

In ons toerustingsafdeling van die maandblad probeer ons om al hierdie aspekte aan te spreek.

In dié maand se uitgawe sit ons die fokus op die werksaamhede van ons diakonie voort, ons leer nuwe lidmate ken en kom ook in voeling met die verskeie aktiwiteite wat in ons gemeente plaasvind. Ons hoop dat hierdie terugvoer tot aansporing sal dien om ook by die verskeie aksies betrokke te raak. Die spreekwoord lui juis: Hoe meer siele, hoe meer vreugde!

Maak ook seker dat dié uitgawe van Die Fontein by al ons dooplidmate, van kleuter tot tiener, uitkom sodat hulle ook kan deel in die aktiwiteite wat hulle geloof versterk. Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien.




U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos in te stuur na **fontein@annlin.co.za.**

Lekker lees!
Magda

# Woordoordenking: Bid sonder ophou

Ds. Attie Venter

**Lees: 1 Tessalonisense 5: 17**

Wanneer 'n mens opgeroep word om in iets te volhard, is dit omdat dit nie spontaan gebeur nie en 'n mens hard moet werk daaraan. Maar hoe kan dit met gebed gebeur? Gebed is tog die hart van ons verhouding met God. Dit is die kommunikasie van ons liefde vir Hom. Ons erkenning van sy grootheid en almag. In die Nuwe Testament word 'n paar woorde gebruik om gebed te beskryf:

Eerstens **"Proseugomai"** – om op God gefokus te wees en eer aan Hom te bring. Die uitdaging tot volharding hier is om God se wonderwerkende hand te bly raaksien – veral in dinge wat elke dag gebeur. Om God se liefdevolle werking te bly erken al voel dit asof Hy beheer verloor het en te glo dat Hy altyd met 'n plan na 'n groter doel toe werk. Die gedagte is egter nie om net dinge te soek om aan God se hand toe te skryf nie, maar om in 'n lewende verhouding met Hom te bly. Om Godsverheerlikend te leef en altyd bewus te wees van sy nabyheid.

'n Tweede woord is **"Erotao"** – om God vir groot ingrype te pleit of smeek, dikwels met trane, vrees of paniek. Wat volharding in hierdie bede moeilik maak, is "teleurstelling". Ek het soveel keer al gesmeek in groot krisisse wat my gebreek het, maar dis asof God vêr is as ek Hom nodig het. Hy hoor nie my smekinge nie en ek ervaar nie sy teenwoordigheid nie.

Volharding hier beteken nie om te volhard totdat ek kry wat ek vra nie, maar om te volhard in die wete dat God my enigste troos en uitkoms is – al lyk die oplossing anders as wat ek gehoop het. Ek sal God se redding bly vertrou.

**"Gebed is tog die hart van ons verhouding met God. Dit is die kommunikasie van ons liefde vir Hom."**



'n Derde woord is **"Deomai"** – om aan God 'n vraag te vra of iets onder sy aandag te bring en leiding te vra oor lewenskeuses. Die beantwoording daarvan is nie noodwendig spoedeisend nie en volharding is nie om te bid tot ek 'n antwoord kry nie. Mense val soms hier in 'n versoeking om te bid vir Bybeltekste wat 'n maklike en vinnige uitkoms gee. 'n Direkte teks uit die Woord wat sê ja of nee, gaan of bly. Volharding in hierdie bede kan eerder beskryf word as God wat my al hoe meer insig en wysheid gee om 'n goeie en korrekte besluit te neem. Om my ware behoeftes en waaraan ek werklik moet aandag gee, aan my te openbaar.

Om te volhard in gebed is om geduldig – in afhanklikheid – te weet God is met my besig en nie 'n manier om Hom aan te jaag nie.

# Gebed – die gelowige se lewensaar

Henriëtte Mulder

Hoe baie keer gebeur dit nie dat ons net voor ons gaan slaap gou 'n gebedjie opskiet, net om ons eie gewete te sus nie. Maar gebed is soveel meer as net 'n pleister – gebed is die lewensaar wat ons as Christene moet hê.

Nou kan ons maklik sê: ja, maar my tyd is min of ek weet nie waar om te begin nie. Tyd kan ons altyd maak. Ons spandeer baie tyd aan dinge wat minder belangrik is en dan skeep ons so baie ons verhouding met God af.

**"... gebed is die lewensaar wat ons as Christene moet hê."**

**Waar kan ons begin?**

Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat vir ons wys hoe om gebed deel van jou lewe te maak. As mens egter nie weet hoe om te bid nie, is dit ook moeilik om gebed deel van jou lewe te maak. Jesus bied ook hierop die antwoord deur vir ons die Onse Vader in Matteus 6:9-13 te leer. Voordat Hy vir ons die modelgebed leer, gee Jesus aan ons die riglyn dat ons nie skynheilig moet wees nie.

En wanneer ons dan opreg leer bid, moet ons ook leer om gedurig te bid (1 Tessalonisense 5:17). Hierdie vers het slegs twee woorde, maar het soveel belang in ons lewens dat ons nie net bo-oor dit moet leef nie. Ons moet soos Daniël gedurig bid. Hy het 'n gewoonte daarvan gemaak om drie keer 'n dag in sy bokamer tot God te bid, Hom te loof en te prys (Daniël 6:11). Hy het aanhou bid, selfs al het dit sy lewe in gevaar gestel – sy verhouding met God was vir hom belangriker as die koning se dekreet.

In Efesiërs 6:18 word ons deur Paulus aangemoedig om alles wat ons doen, smekend en met gebed te doen. Wanneer ons voel of die wêreld om ons mal is en uitmekaar val, moet ons ons skild van geloof aantrek en gebed help daarmee.



# Gebed – die gelowige se lewensaar (vervolg)

Ons gebede hoef nie altyd groot te wees nie. Soms is 'n stil oomblik wat jy net jou oë vir 'n oomblik toemaak, genoeg. Meeste van ons sal nie dink dat dit gebed kan wees nie, want ek het dan niks vir God gesê nie. Tog weet God wat in ons hart aangaan. Hy hoor die seer, die swaar, die moegheid.

**"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie"** (Romeine 8:26).

Laastens gebeur gebed oral waar ons gaan. Ons hoef nie te wag vir 'n spesifieke tyd of plek nie, want God is altyd beskikbaar (Psalm 121:4). Ons kan met God praat terwyl ons agter ons stuurwiel sit, kosmaak of opruim. Ons kan saam met vriende en familie oor en met God praat.

Ons gebedslewe hoef nie gebind te wees aan tyd nie, want God is nie aan tyd gebonde nie. Om 'n verhouding met Hom te hê, moet ons ook met Hom praat – werklik praat. Ons moenie net ons wenslysie bring nie, maar ook ons opgewondenheid, vrese, drome, frustrasie en kwaad. God verstaan en hoe beter ons gebedslewe is, hoe makliker is dit om 'n intieme verhouding met God te hê.



**Gebed:**
Vader, gaan saam met ons dat ons ons gebedslewe so sal leef dat dit in ons hele lewe deurslaan en dat U deur ons sigbaar word soos met Daniël. Help ons wanneer dit nodig is, dat ons onsself afsonder soos Jesus gedoen het. Leer en herinner ons dat gebed ons lewensaar is, dit is ons lyn na U. Ons vra dat U deur ons gebed werk.
Amen

# Hoe bid ek?

Ds. Pieter Kurpershoek

Hoe wil Jesus hê moet jy en ek bid? Jesus leer ons as dissipels hoe om te leef (Matteus 5-7) en fokus dan eers op hoe ons gehoorsaam leef (Matteus 5), voordat Hy aan ons persoonlike geloofsdissiplines, onder andere gebed, aandag gee (Matteus 6:1-18).

Wanneer jy bid, sê Jesus (Matteus 6:5-6):

**Maak eers seker hoekom jy bid.**

Bid jy net omdat dit deel van jou godsdienstige roetine is of om deur mense raakgesien te word? Eet jy by die werk sommer tussen-deur, sonder om te bid, maar by die huis bid jy voor julle eet, want jou kinders moet darem sien jy bid? Moenie skynheilig wees nie! Onthou, jy bid ... sodat jy met die HERE kan gesels! Gaan bid daarom soms eerder op jou eie, sodat al jou aandag op die Here is.

• • •

Jesus sê ook:

**Raak ontslae van die eie-ek-bagasie voor jy bid.**

Saam met bid, praat Jesus oor hulp aan armes (Matteus 6:1-4) en vas (Matteus 6:16-18). Hy doen dit omdat ons praat met die Here deur ons hulp aan armes en ons vas beïnvloed word (Jesaja 58, veral vers 4!). Wanneer ek armes help of vas, skuif ek myself eenkant en fokus ek op die arm mens, op die Here. Dis juis wat nodig is wanneer ek bid: Dat ek my eie-ek kant toe skuif en die Hére soek! Soms is dit dus sinvol om eers te help of te vas voor jy bid!

• • •

Verder sê Jesus:

**Wanneer jy bid: Besef hoe nodig jy die Here het!**

Jesus leer ons eers gehoorsaam wees (Matteus 5) en dan bid (Matteus 6). So help Hy my om eers te beleef dat dit nie so maklik is om dissipel te wees nie en dat ek as loot, die Wingerdstok, Jesus, nodig het! (Johannes 15:1-8). Maar juis daarom begin ek die Here ywerig biddend opsoek, want sonder Jesus en sy Gees kan ek nie leef nie! (Sondag 45, vraag en antwoord 116-117).

Prakties sê Jesus (Matteus 6:7-8):

**Tel jou woorde wanneer jy bid.**

Die heidene het babbelend gebid, want hulle het gedink dat jy die afgode kan ompraat en beheer. Jesus sê egter: Beperk jou woorde. Maak seker hoekom jy iets sê wanneer jy bid. Moenie net gorrel nie. Berei jouself voor voor jy gaan bid. Jy stap tog nie met 'n hofsaak onvoorbereid by die regter in nie! En ja, jy praat biddend met jou Vader, máár Hy is ook jou Here. Dink (en beplan) voor jy bid!

• • •

Daarmee saam sê Jesus (Matteus 6:9-13):

**Bid vir die regte dinge.**

Jy kán oor enigiets met die Here gesels. Maar léér by Jesus waarop jy behoort te fokus. Die Onse Vader is 'n eenvoudige gebed met 'n duidelike fokus: Die Here! Ek kom by Hom tot rus (Ons Vader ...), ek fokus op Hom en sý belange (bede 1-3), ek is ware mens, afhanklik, skuldig, worstelend (bede 4-6), wat seker is dat die Here tot wie ek bid, kan doen wat ek vra (want aan U behoort ...).

• • •

Uiteindelik sê Jesus (Matteus 6:14-15):

**Wees eerlik wanneer jy bid.**

Toets jouself bietjie wanneer jy bid, spesifiek wanneer jy vra: Vergeef my my sondes soos ek vergewe. Bid jy maar net, onnadenkend of is jy ernstig oor en eerlik in wat jy sê? Het jý al vergewe en is jý besig om te vergewe wanneer jy bid: Here, vergewe my? Of dink jy die Here is nie so ernstig met wat Hy ons leer bid het nie?

As dissipels van Jesus het ons die voorreg, maar ook verantwoordelikheid om biddend met die Here te mag leef. Dis harde werk én 'n genade-geleentheid. Geniet dit om met jóú Here te gesels!



# Gedra in gebed

Corrie van Wyk

**Wanneer mens deur diep waters gaan – dan dra gebede jou daar deur.**

**"As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God en as God werk, wie kan dit keer?" - Hans von Staden**

Ds. Koos de Klerk het gereeld sy preke afgesluit met: "Kom Here Jesus, ja kom gou." Dan was my versugting gereeld om vir die Here 'n bietjie uitstel te vra, want ek wil nog graag my kleinseun in lewende lywe sien ... ek wil nog graag ...

Die lewe het 'n geneigdheid om vir 'n mens 'n dwarsklap van agter te gee wat jou hele wêreld omkeer. 18 September 2023 kry ek 'n skokkende verjaarsdaggeskenk. Daar word bevestig dat ek 'n aggresiewe kanker het wat al in Fase 4 is. So het my klipperige pad begin ... Daar was chemobehandelings, baie weke van verblyf in die hospitaal, lae immuniteit, virusse wat jou verder aftakel en jy is soms so moeg dat jy beswaarlik jou hand kan oplig.

Dit is in hierdie tye wat God se genade soos 'n helder lig in die donker skyn. In tye van ernstige siekte, bring gebed verligting, hoop en 'n dieper afhanklikheid van God. Dit behels geloof in Sy helende krag, dikwels versterk deur die gebede van medegelowiges.

**"In tye van ernstige siekte, bring gebed verligting, hoop en 'n dieper afhanklikheid van God."**

So baie gebede word in tye van siekte opgestuur. Jy bid self. Ander bid vir jou. Gebedsversoeke word per WhatsApp en ander sosiale media gevra. Vriende en gelowige broers en susters kom bid vir jou.

Een middag het 'n lidmaat my in die hospitaal besoek en vir my uit die Woord gelees en daarna my hand vasgehou en in totale geloofsafhanklikheid pleitend vir my gebid. Hierdie was 'n ongelooflike ervaring! Dit het vir my in daardie oomblik gevoel of ek op heilige grond staan en asof God se Engele my beskerm en my styf vashou.

# Gedra in gebed (vervolg)

Ons kan as gelowiges, rustig raak met die besef dat God alles, ja ook ernstige siekte, ten goede sal laat meewerk vir elkeen wat glo. God wil dalk jou siekte genees, of Hy wil jou verlos, of Hy wil jou vra om te volhard in geloof ten spyte van jou siekte. Leef in biddende afhanklikheid van God. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Dit gebeur soms dat mens moedeloos word. Dit is dan wanneer dit moeilik raak om aan hoop vas te hou. Dan sien mens nie verby die hier en die nou nie. Jy sien net die donkerte van die huidige omstandighede raak. Dit is gebed wat ons deur hierdie donker tye dra. Swaarkry en lyding is deel van ons daaglikse bestaan en die rede daarvoor hoor ons in Rom. 8:18:

**Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.**

Moenie moedeloos word oor al die swaarkry in hierdie lewe nie. Kyk terug en sien hoe God se genade jou deur die swaar tye gedra het. Kyk vorentoe met verwagting na die teenwoordigheid van God in jou lewe en na 'n ewigheid saam met God waar die gevolge van die sonde verby is. Doen dit met die verwagting dat die Heilige Gees ons met gebed deur die donker tye van swaarkry sal dra.

Daar is 'n bekende gedig waarin iemand vertel van 'n droom:

Hy het in sy droom op die strand by die see geloop, maar hy was nie alleen nie, want die Here was aan sy sy. Toe daardie man na 'n hele ruk stilstaan en omkyk, sien hy sy hele lewensloop wat agter hom lê. Tye van geluk en blydskap, maar ook tye van hartseer en swaarkry.

Hy kom agter dat daar op sy lewensreis juis in die moeilikste hartseertye net een ry spore staan. Dit pla hom en hy vra vir die Here: "U het dan belowe om my nooit te begewe en my nooit te verlaat nie. Ek verstaan dit nie: ek het U partymaal baie nodig gehad. Hoekom is daar juis dán net een ry spore op my pad?"

Die antwoord van die Here is beskamend: "Moet jy dit regtig vir My vra? Die swaarste tye – **toe het Ek jou gedra!"**

Die draende hande van die Here is geen droom nie. Dis konkrete werklikheid.

Dit is eers wanneer ek besef hoe God my deur die donker tye in my lewe gedra het dat Rom. 8:28 werklik sin maak.

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

# Ek tel my seëninge

Magda du Toit

Hoeveel van ons daaglikse gebede is werklik op God se goedheid gefokus?

Meeste van ons besef maar al te goed hoe belangrik gebed in ons geloofslewe is. Maar wanneer ons ons gebedslewe ontleed, is dit ongelukkig so dat ons gebede mettertyd in klaagsessies ontaard met lang lyste van ons behoeftes wat ons uitstip.

Dit is opmerklik hoeveel verse in die Bybel op ons verantwoordelikheid om dankie te sê terwyl ons bid, fokus. 'n Vinnige opname het gou 100 verse opgelewer wat op ons verantwoordelikheid tot dankbaarheid vir die seëninge wat ons ontvang, wys.

'n Paar hiervan is:

1 Kronieke 16:8

**Julle moet vir die Here dankie sê, julle moet sy Naam sê, julle moet vir al die volke vertel wat Hy gedoen het.**

Filippense 4:6-7

**Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.**

1 Tessalonisense 5:16-18

**Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.**

Ons kerkvaders het net so sterk gevoel oor dankbaarheid en verklaar dat gebed die "vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis".

Volgens die Heidelbergse Kategismus, Sondag 45, vraag en antwoord 116, is gebed die gepaste reaksie op God se liefde en daarom vorm gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid wat God van ons eis.

As ons nadink, sal ons sien daar is baie dinge waaroor ons dankbaar kan wees. Ons kan vir die Here dankie sê vir wie Hy is, vir wat Hy gedoen het en nog besig is om te doen en nog in die toekoms sal doen. Ons kan vir Hom dankie sê dat Hy sy Seun, Jesus Christus gestuur het om vir ons aan die kruis te sterf en ons oortredinge op Hom te dra.

Wanneer ons meer op dankbaarheid fokus en met dankbaarheid leef, kan die wêreld waarbinne ons leef, verander omdat ons anders na die lewe en ons omstandighede kyk. Ons sal dan minder op die donker wolke fokus en dalk meer gereeld die silwer randjie raaksien.

Prakties gesproke kan die volgende ons dalk help: Maak 'n lys van al die dinge waarvoor jy dankbaar is. Skryf dit op papiertjies en gooi dit in 'n houer. Trek gereeld een van die papiertjies, dink daaroor en maak 'n punt daarvan om daarvoor dankie te sê. Betrek jou gesin hierby. Jy kan ook papiertjies met die woord "dankbaar" op voorwerpe in die huis waaroor jy dankbaar is, plak sodat jy dit raaksien en sal onthou.

Ons mag steeds die Here vra om dié dinge wat ons nodig het, te voorsien. Ons mag ons sorge aan die Here opdra. Maar dit moet nooit die alleenfokus van ons gebede wees nie. Laat dankbaarheid oor ons lippe vloei voordat ons ons versoeke bekendmaak.

# Gebedsversoeke: In Tye van Stryd

Carina Pyper

Daar was 'n tyd, o God,
toe ek naby aan U was;
toe my geloof sin gemaak het;
toe ek gereeld in die kerk gekom het;
toe ek hartlik met ander gelowiges
saam kon wees.
Ek draai dus na U toe sonder vaste
grond -
U is my rots.
Ek draai na U toe sonder geloof -
U is my vertroue.
Ek draai na U toe sonder
selfgenoegsaamheid -
U is my Helper.
En ek vermoed dat U mense soos
ek nog steeds liefhet.
U los ons nie uit nie.
U kyk met deernis hoe ons stry met
die lewe en met U.
Ek weet, terwyl ek nie weet nie:
U is my God
(Verkorte gebed van Piet Naudé uit
Abba Vader)

**1 Tessalonisense 5:16-23:**

**Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. Blus die Gees nie uit nie. Verag die profesieë nie. Beproef alle dinge; behou die goeie. Onthou julle van elke vorm van kwaad. En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!**

Onse Vader wat in die Hemel is, U is by ons, U is in ons en met ons. Help ons om hierdie werklikheid van die Heilige Gees wat in ons harte is, uit te leef. Daarom sal ons oor niks besorgd wees nie. Mag die Vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, ons hart en sinne bewaar in Christus Jesus.

Omdat U ons Vader is, kan ons in gebed ons begeertes met danksegging en smeking na U genadetroon bring en aan U bekendmaak.

Ons bid dat U ons gemeente in eensgesindheid sal lei om U te dien, te eer en te verheerlik. Dat ons gemeente in afhanklikheid volhardend in gebed sal tree en ook U werk sal doen in U koninkryk. Lei ons om die Brood van die lewe uit te dra en U lig te laat skyn in ons werk en wandel. Dat U vrugbare harte sal voorberei vir die geloofsaad wat gesaai word in ons omgewing en in ons kerk. Ons bid dat U geloofsgroei sal bewerkstellig tot U eer en heerlikheid. Seën ons samekomste op Sondae en ook die preekuitsendings van ons gemeente, dat dit tot opbou en versterking van ons geloof sal wees.

Hemelse Vader, wees asseblief met ons senior lidmate, ons ouers – die van hulle wat toegegooi is onder elke dag se harde en moeilike werksomstandighede. Wees ook met ons tieners en klein kinders in ons gemeente. Wees ook met die wat nie volkome hul afhanklikheid van U besef nie en nie in 'n verhouding met U leef nie. Dat ons mekaar in liefde, sonder oordeel, sal opbou, ondersteun en daar vir mekaar sal wees.

Vergewe ons ons sondes, in Jesus Naam. AMEN.

## Potjiekoskompetisie 2026: ’n groot sukses

Gerhard van Staden

’n Paar Saterdae gelede het ons gemeente die jaarlikse potjiekoskompetisie gehou en ten spyte van die reën het almal heerlik saam gekuier en mekaar so ook in die geloof versterk.

Vanjaar se potjiekoskompetisie is ten bate van **TOPIA (Training of Pastors in Africa)** aangebied. Onder die vaandel van die GK Pretoria-Annlin se evangelisasiekommissie is uitnodigings gerig aan al die kerke wat TOPIA ondersteun asook kerke in die Klassis Noord van die Magalies.

’n Totaal van **15** inskrywings is ontvang waarvan **13** op die dag potjies gemaak het. Alhoewel die reën somtyds nie saamgespeel het nie, het dit die deelnemers geensins verhoed om die potte te laat prut nie. ’n Dag van heerlike kos en samesyn is deur almal geniet. Die totale opbrengs was **R22 946!** Dank en waardering word oorgedra aan almal wat van hierdie dag ’n reuse sukses gemaak het.

Die volgende broeders en susters word egter by name genoem vir hul onbaatsugtige bydraes:

- Oudl. Johan Potgieter en die potjiekosreëlingskomitee
- Oudl. André Beetge – koördineerder, sameroeper en afkondigings
- Oudl. Jan Minnie – musiek
- Oudl. Jan Rehder en sy span – sekuriteit
- Br. Giepie van der Merwe – skakel met TOPIA en opening van verrigtinge
- Ds. Pieter en sr. Marietjie – ondersteuning, bystand en foto’s
- Al die borge en lidmate wat skenkings gemaak het
- Die vier beoordelaars (Francois van Zyl, Melanie Potgieter, Oudl. Dirk en sr. Joan Coetzee)
- Die 13 potmeesters en potjie-spanlede
- Almal wat die dag ondersteun het

Uit die aard van die saak moet dae soos hierdie wenners oplewer. Dit is met genoegdoening dat die wenners as volg aangewys is:



**1ste plek:**
**Werner Powroznik en Martin Nortjé**

**2de plek:**
**Danie Smit**

**3de plek:**
**Johan Potgieter**

**Beste stalletjie:**
**TOPIA onder leiding van Giepie van der Merwe**

Die plan is om van volgende jaar af buurgemeentes uit te daag om te kom deelneem eerder as om hulle net te nooi. Die evangelisasiekommissie erken met dankbaarheid dat hierdie potjiekoskompetisie danksy die genade en leiding van ons Here plaasgevind het en spreek die hoop uit dat hierdie projek sal voortgaan tot eer en verheerliking van Sy naam!

# Potjiekoskompetisie 2026: 'n groot sukses (fotos)



# Fliekaand!

Diegene wat naby die kerk woon, het dalk **Vrydagaand, 13 Februarie**, gewonder wat by die Kerkgebou aan die gebeur is. Die laerskooljeug het behoorlik 'n bohaai in die kerksaal opgeskop.



Al die tjips, springmielies en pannekoek wat die kinders deur die loop van die aand geëet het, het heel moontlik hiertoe bygedra. Die fliekaand het na die eerste film in 'n prettige joligheid verander.

In die kombuis is daar gewoel en gewerskaf om al die pannekoeke gebak en die springmielies gespring te kry. Dit was 'n onvergeetlike aand en ons sien uit om almal weer saam te sien vir die volgende laerskooljeugbyeenkoms.

# Kaartjiemaakdag – 'n Oggend van kreatiwiteit

Rika du Plessis



Op 21 Februarie het 'n paar van ons kreatiewe lidmate hul gawes gebruik om pragtige kaartjies te maak.



Die kaartjiemakers het die oggend baie geniet en sommer 'n paar nuwe tegnieke by mekaar afgekyk. Die kaartjies sal deur die hospitaalbesoek-diensgroep aan lidmate wat siek of in die hospitaal is, uitgedeel word.





# Die Amazing Race

Suzelle Loggenberg (Gr.7)

(God het elkeen uniek gemaak, die speletjies wat aangebied is tydens die Amazing Race, volgens die tema: 8 Great Smarts, het ten doel om aan elkeen die geleentheid te bied om sy of haar unieke sterkpunte te ontdek en te gebruik - Red.)

Op 27 Februarie 2026 het die **Amazing Race** vir graad 7 – 11 plaasgevind. Die kinders het deelgeneem aan verskillende speletjies.



Ons eerste aktiwiteit was "speed-friend-dating". Almal het mekaar leer ken deur in 40 sekondes vir die persoon oorkant jou vrae te vra en dan op te skuif om die volgende persoon te ontmoet.

Volgende moes ons 'n blommetjie so heel as moontlik uit 'n blok ys haal. Dit het nie so goed met al die spanne gegaan nie en party blommetjies was maar stukkend aan die einde.



Ons moes torings bou met spaghetti, marshmallow, tou en kleefband. Een groepslid moes op een been hop om die 'aankope' te doen. Die toring moes op sy eie kon staan. Sommige groepe het beter as ander gevaar.

Ons het ook "pictionary in the air" gespeel. Al was dit 'n speletjie, het die prentjies wat ons moes teken, bv. 'n kruis en vasgebind, my aan Jesus laat dink.



In een van die ander aktiwiteite, moes ons in twee groepe opdeel en moes die hele groep so vinnig as moontlik deur 'n hoepel klim sonder om hande te los.





Ons het 'n woordbouspeletjie gespeel waar ons eers die langste en daarna die meeste woorde moes bou.

Ons het ook 'n speletjie gespeel waar jy 'n ander persoon moes vind deur die woorde van 'n liedjie te sing en te luister, vir iemand, wat dieselfde woorde sing.

Natuurlik het ons ook heerlike muffins en koeldrank gehad.

Voordat ons huis toe kon gaan, het ons 'n tydkapsule gemaak waarin ons elkeen 'n briefie aan ons toekomstige self geplaas het. Ons gaan hierdie tydkapsule weer by die laaste byeenkoms van die jaar oopmaak.

Ongelukkig moes die aand tot 'n einde kom. Ek kan nie wag vir die volgende aktiwiteit nie!



# Ons kategete vir 2026




# Ons Here is getrou!



'n Klompie jare gelede is **Michyla Weber** in Middelburg deur ds. Pieter gedoop, waarmee die Here Hom aan haar verbind het en beloof het om met sy Gees in haar te werk. Met die woorde van Jesaja 43 het die Here ook vir haar gesê: Jy is Myne!

Op 8 Februarie 2026 het ons as gemeente hier beleef hoe die Here Homself aan Michyla se dogtertjie, **Elisabeth**, verbind het. Met Elisabeth se doop het die Here sy genade ook aan haar toegesê en vanuit Johannes 8 bevestig dat Hy aan ons genade-ruimte gee waarin ons kan leef en diep kan asemhaal!

Hoe bevoorreg is ons nie om te sien hoe die Here deur die jare aan ons getrou bly en met ons die pad bly stap ... sodat ons as sy kinders vanuit sy genade en liefde kan leef en floreer, tot Sy eer!

# Kerkfinansies - Januarie 2026

| | Januarie 2026 | | Jaar tot datum | |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Ander inkomste (huur/rente) | ** | ** | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** | ** | ** | ** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | ** | ** | ** | ** |
| Instandhouding: Woordbediening | ** | ** | ** | ** |
| Evangelisasie | ** | ** | ** | ** |
| Emeriti-versorging | ** | ** | ** | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** | ** | ** | ** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | ** | ** | ** | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| Sosiale bydraes | ** | ** | ** | ** |
| Jeug | ** | ** | ** | ** |
| Studentopleiding: kostes | ** | ** | ** | ** |
| Totale uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | ** | ** | ** | ** |

VirJanuarie 2026, het die kerkkas 'n netto surplus van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto surplus van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir Januarie 2026 was ** meer as die begrote maand lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote lidmaatbydraes. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik verwysing: **Wyk, Naam, Van**

# Kerkfinansies - Februarie 2026

| | Februarie 2026 | | Jaar tot datum | |
|---|---|---|---|---|
| | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Ander inkomste (huur/rente) | ** | ** | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | ** | ** | ** | ** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | ** | ** | ** | ** |
| Instandhouding: Woordbediening | ** | ** | ** | ** |
| Evangelisasie | ** | ** | ** | ** |
| Emeriti-versorging | ** | ** | ** | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** | ** | ** | ** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | ** | ** | ** | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| Sosiale bydraes | ** | ** | ** | ** |
| Jeug | ** | ** | ** | ** |
| Studentopleiding: kostes | ** | ** | ** | ** |
| Totale uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | ** | ** | ** | ** |

Vir Februarie 2026, het die kerkkas ’n netto tekort van **gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum ’n netto tekort van ** gehad. Die lidmaat bydraes vir Februarie 2026 was ** minder as die begrote maand lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote lidmaatbydraes.
Ons doen ’n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik verwysing: **Wyk, Naam, Van**

# Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Die afgelope weke het ons Here ons geloofsfamilie weer uitgebrei, enersyds met **Harko en Isabel Mulder** wat vanuit GK Randburg by ons ingeskakel het en andersyds **Corle Smith** (voorheen van GK Akasia) wat deel van ons geloofsgemeenskap geword het.

## Harko en Isabel Mulder

Harko en Isabel Mulder het mekaar in Potchefstroom leer ken waar Harko Ingenieurswese en Isabel in die Wiskundige wetenskappe studeer het. Aanvanklik het Isabel as "demi" vir Harko klas gegee, maar toe sy na 'n draai as onderwyseres in Witrivier na Potchefstroom teruggekeer het om haar verder in die Opvoedkunde te bekwaam, het hulle mekaar beter leer ken in die Bybelstudiegroep waarvan hulle beide deel was en ook tydens gemeente-staptoere. Vandag is hulle amper 41 jaar mekaar se lewensmaats met drie seuns en ses kleinkinders.

Harko het sy lewe in Lydenburg begin, terwyl Isabel uit die Bosveld (Potgietersrus) kom. Saam het hulle vroeër jare al in die ooste van Pretoria gewoon, voordat hulle na die Vaaldriehoek getrek het waar hulle die afgelope jare in Vanderbijlpark gebly het. Harko het daar by Sasol gewerk, terwyl Isabel later jare by die Vaal Universiteit van Tegnologie en ook 'n privaatskool klasgegee het.



Isabel hou daarvan om te skryf, lees gereeld en doen baie naaldwerk. Harko het 'n voorliefde vir die teologie ontwikkel en selfs 'n oorbruggingskursus daarin gevolg. Vandag skryf en versprei hy elke week steeds oordenkings/preke en saam hou hulle daarvan om diep met ons Here se Woord besig te wees. Saam was hulle ook indringend betrokke by die gemeentes waarvan hulle deur die jare deel was.

Harko en Isabel, mag ons Here julle deel-word en deel-wees van ons gemeente gebruik om sy koninkryk in julle en ons en ander mense se lewens te laat kom!

## Corle Smith

Corle Smith het die grootste deel van haar lewe in Pretoria geleef. Sy het saam met haar twee sussies (waarvan een, Truidie de Klerk, reeds by ons in die gemeente is) en haar boetie onder andere in die pastorie van GK Pretoria-Noord opgegroei. Corle het een seun wat tans in Duitsland woon en wat DV volgende jaar in die huwelik tree.

Corle het haar in die tale bekwaam, spesifiek in Engels, en haar doktorsgraad by Noordwes-Universiteit behaal. Sy doen tans navorsing, begelei verskeie nagraadse studente en gee klas by Tshwane Universiteit van Tegnologie, waar sy spesifiek vertaalstudies doseer. Vroeër jare het sy gefokus op die aanleer van Engels as tweede taal by kinders in Graad 1-3.



Corle het al die jare in Akasia-omgewing gewoon, maar nou hier huis gekoop en daarom by ons gemeente kom inskakel. Sy het al baie rondgereis en geniet dit om so die wêreld te sien en te leer ken. As Corle nie aan die werk is nie, skilder sy met die kwas in die hand die mooiste kunswerke!

Corle, ons bid dat jy in jou saam-leef met ons as gemeente die Here se genadige vashou steeds elke dag mag beleef en erken en dat ons mekaar mag help om voluit ter wille van Hom te leef!

# Kollig op ons kommissies en diensgroepe

## Diakonie se diensgroepe: Jeug

In die reeks oor die diakonie se diensgroepe spits ons hierdie maand ons aandag toe op die **jeug** in ons gemeente.

Omdat die jong mense vir ons kosbaar is, is dit belangrik om hulle na geestelike volwassenheid te lei. Om dit te kan doen wil ons die jeug graag toerus sodat hulle hulle mede-lidmate kan ondersteun deur middel van omgee, diens binne en buite die gemeente en gebed.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die diensgroep geensins die kleuterbediening en kategese vervang nie, maar wel aanvullend tot hierdie werksaamhede is.

Die **doel** van die diensgroep is om ons jeug by te staan met:

- Bybelse waardes en karaktervorming te kweek en aan te wakker.
- Om te verseker dat dit wat in die Bybel geleer word, in die werklike lewe toegepas sal word.
- Om 'n omvattende begrip van die Bybel aan ons jeug voor te hou.
- Jongmense te leer dat hulle waarde het in Christus.

Die diensgroep is **verantwoordelik** om:

- 'n Vertrouensverhouding met jongmense te skep.
- Daarstelling van deurlopende toegangklikheid vir die jeug.
- Koördinering van jeugaktiwiteite.
- Daarstelling van Bybelstudie- en groeigroepe vir die jeug.
- Kategese.
- Toerusting van kategete.

Daar is tans drie diakens wat die rol van koördineerders vervul. Dus is die diensgroep in drie jeuggroepe verdeel, naamlik:

**Laerskool:**
**Diak. Zoë Venter**

**Hoërskool:**
**Diak. Inus Venter**

**Naskool:**
**Diak. Clarissa Rehder**

Indien u van mening is dat u oor 'n spesifieke gawe beskik om ons jeug by te staan of van hulp kan wees met een van die bogenoemde groepe, kontak gerus die betrokke diaken vir enige navrae.

In die volgende uitgawe sal ons die sosiale diensgroep bespreek.

# Diakonie

## Nasionale Diakonale Kongres

## Deel 5: Sinode se opdrag aan die DDS en SDDS

(Opsomming van 'n gesprek met di. Fritz Potgieter en Anton Dednam

In die slotaflewering van die **2025 Diakonale Kongres** kyk ons na die werksaamhede van die GKSA se **DDS** (Deputate Diakonale Sake) en **SDDS** (Sinodale Deputate vir Diakonale Sake, as maatskappy).

Gedurende die **1930's** het 'n groot behoefte ontstaan vir die versorging van kinders. Die regering het grond en geboue aan die kerke beskikbaar gestel. Omdat die Sinode nie 'n regspersoon was nie, moes 'n regsentiteit geskep word. Die kuratore wat aangestel is, het nie kans gesien vir die taak op hande nie. Deputate is in **1945** aangewys om die regsentiteit te skep. Die SDDS is in **1947** as regsentiteit geregistreer en dit staan bekend as die SDDS-maatskappy. Hierdie maatskappy staan onder die toesig van die DDS

Sedert **1947** het die deputate en direkteure 'n eenheid gevorm. Nadat kundiges in die korporatiewe wêreld betrek is, is besluit dat deputate nie outomaties direkteure behoort te word nie omdat die deputate nie noodwendig oor die regte gawes beskik om as direkteure te dien nie. Gevolglik is daar, ter wille van gesonde bestuur, besluit om hierdie twee entiteite onafhanklik te bestuur.

Die DDS se opdrag vanaf die sinode is:

- Hou toesig oor al die diakonale inrigtings, naamlik die President Kruger-kinderhuise, Glenzicht Aftree-oord in Oakdene, Johannesburg en die Zorgvliet-kampterrein te Tweeling in die Vrystaat.
- Diakonale inrigtings wat skakel in kerkverband, finansiële hulp aanbied en die administrasie van ingesamelde fondse.
- Beheer alle eiendomme en tree in die beste belang daarvan op. Die kern hier is om binne die wette van die land te funksioneer.
- Bevorder skakeling tussen en die koördinering van diakonale werksaamhede in die GKSA. Dit is hier waar die skakeldeputaat 'n kernrol vervul.
- Sakeling met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheids-organisasies in terme van kerkorde artikel 26.

Die DDS en SDDS maatskappy is rentmeesters van die middele wat die Here aan ons geskenk het. Mag die Here daarmee maak wat Hy wil, dit is Sy kerk, Sy bates en soos Psalm 24 dit so duidelik stel: Die aarde en die volheid daarvan, dit behoort aan God.

Vanaf April 2026 kyk ons na die inhoud van 'n proefskrif (2012) deur prof. Gert Breed met die titel "Nuut gedink oor die wese en inhoud van die dienswerk van die diaken". Hierdie dokument sal in vier dele verdeel word.

# Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydraes wat deur van ons lidmate ingedien is:

Dit is 2010. Ek word in die Eugene Marais Hospitaal opgeneem met 'n onbekende siekte nadat ek in 'n apteek inmekaarsak. Toetse word gedoen en die resultate blyk niksseggend te wees. Verdere indiepte toetse volg. Die oorsaak van my onbekende siekte kan nie opgespoor word nie. My pa en ma word gevra om hospitaal toe te kom. Ek word in afsondering geplaas, want niemand weet wat makeer en of ek aansteeklik is of nie.

Op hierdie stadium het ek verskillende tipes antibiotika via my drup ontvang en dit het die are in my arms met inwendige brandwonde gelaat. Ek voel so sleg dat ek nie meer reguit kan dink nie, so erg dat ek nie woorde bymekaar kan kry om sinne te maak en te bid terwyl ek daar lê nie.

Tydens nog 'n sessie antibiotika kry ek 'n boodskap om die ABC op te sê en dat die Here self die woorde sal vorm. Ek begin stadig met A, toe B en C, D, E en so aan. Ek kan glad nie onthou vir hoe lank ek so aangehou het nie. Van daar af het ek die alfabet opgesê sodra die antibiotika begin inloop het.

Na nog bloedtoetse is daar besluit om 'n lewerbiopsie te doen. 'n Toestand genaamd auto-immuun hepatitus (wat later tot lewerkanker lei) is gediagnoseer en behandeling kon dadelik begin. Ek was vir drie maande met siekverlof en moes 'n uiters streng dieet volg en pakke vol kortisoon drink. Sedertdien gebruik ek steeds medikasie om my lewer te beskerm.

Dankie aan my Skepper dat Hy my deur daardie moeilike tydperk gedra het, al kon ek op 'n stadium net deur die ABC met Hom kommunikeer. Tog het Hy mooi verstaan en my wonderbaarlik gehelp.

Anoniem


# Blokraai
# Maart 2026

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan **fontein@annlin.co.za** of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

**Vorige korrekte blokkiesraaisels:**

**Hettie Wannenburg**
**Rita Kruger**

## Naam en van:______________________



# Blokraai (vervolg)

**Leidrade – Af:**


- 2. Wie se gebed is die langste in die Bybel? (uit Het jy geweet?)
- 3. Waarin het Corle Smith haarself bekwaam? (uit Ons leer ken ...)
- 4. Hoeveel kleinkinders het Harko en Isabel Mulder? (uit Ons leer ken ...)
- 6. Watter Bybelboek word in die artikel Gedra in gebed aangehaal?
- 7. Wat gaan tydens die gr. 7 – 11's se laaste byeenkoms van die jaar oopgemaak word? (uit Die Amazing Race)
- 9. Waar is Harko Mulder gebore? (uit Ons leer ken ...)
- 10. Wie het die artikel 'n Oggend van kreatiwiteit geskryf?
- 12. Ongelukkig gebruik baie Christene gebed net as 'n ___. (uit Gebed – die gelowige se lewensaar)
- 13. Wie vra wat konfidensieel beteken? (uit Die houthuisie)

**Leidrade – Dwars:**

- 1. Wie gee 'n lys van verskillende situasies waartydens ons moet onthou om te bid? (uit Volhard in jou gebede)
- 5. Magda du Toit se artikel Ek tel my seëninge kan met dié woord saamgevat word.
- 8. Hoeveel keer word donkies in die Nuwe Testament genoem? (uit Diere en voëls van die Bybel)
- 14. Die laerskooljeug het ___ geëet tydens die fliekaand. (uit Fliekaand)
- 15. Wie se gebed word in Carina Pyper se artikel aangehaal? (4,5)
- 16. Wie is die koördineerder van die hoërskooldiensgroep? (uit Diakonie se diensgroepe: jeug)
- 17. Vanjaar se potjiekoskompetisie is ten bate van ___ aangebied. (uit Potjiekoskompetisie 2026)

## Het jy geweet?

Gerhard van Staden




# Diere en voëls van die Bybel

## Pakdiere
## (Deel 2)


Gerhard van Staden

In hierdie tweede aflewering oor soogdiere kyk ons na pakdiere en fokus hoofsaaklik op kamele, donkies en perde.



**Kameel**

Kamele word 57 keer in die Ou Testament en 6 keer in die Nuwe Testament genoem. In Genesis 12:16 waar Abram kamele ingespan het in sy reis na Egipte word hulle vir die eerste keer genoem. Kamele is as onrein beskou en hul vleis is glad nie geëet nie. Hulle melk was ryk, maar nie juis soet nie. Die probleem was egter dat die melk slegs in klein hoeveelhede gelewer is. Hul velle kon egter in verskeie leerprodukte verwerk word. Kamele is hoofsaaklik as pakdiere in en om die woestyne aangewend. Tydens die tydperk van die Nuwe Testament het kamele minder belangrik geword omrede die Israeliete stadsmense geword het.




**Donkies**

Die donkie ('n merrie) word ook vir eerste keer in Genesis 12:16 genoem. Donkies is vir heelwat doeleindes aangewend, onder andere om meel te maal met groot meulstene en om elementêre houtploeë te trek. In Deuteronomium 22:10 lees ons dat 'n bees en 'n donkie nie saam ingespan mag word om te ploeg nie. Die betekenis hiervan was dat 'n verbod geplaas is op sekere kombinasies, omrede 'n bees en donkie nie ewe groot of sterk is nie. Regdeur die hele Ou Testament word die donkie voorgehou as een van die basiese besittings van 'n gewone, arm Israeliet. Die donkie word slegs 9 keer in die Nuwe Testament genoem.



**Perde**

Perde is die sterkste spesie wat vir vervoerdoeleindes aangewend kon word. Tog was hulle deurlopend sedert die vroegste tye geassosieer met oorloë en het die gebruik van perde tydens oorloë eers na Wêreldoorlog I (1918) tot 'n einde gekom. Die eerste keer wat perde in die Bybel genoem word, is in Genesis 47:17. In Deuteronomium 17:16 lees ons dat God die Israeliete verbied het om baie perde aan te hou. Regdeur die Ou Testament lees ons dat die konings en aristrokate 'n monopolie op perde gehad het in Israel en omliggende gebiede en daarom was hulle beslis 'n simbool van mag. Belangrik om te weet, is dat perde 156 keer in die Bybel genoem word, ongeveer 50 keer in die letterlike sin en die res figuurlik (metafories) gesproke.



In ons volgende artikel (April 2026) kyk ons na jagdiere.

Bronnelys:
Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.


# Tienerfokus

## Gebed in ons lewens

Henriëtte Mulder

**Teen die tyd behoort elkeen van ons al te weet hoe belangrik gebed vir ons lewens is. Nie net op Sondae of vir ons geloof nie – dit is belangrik in alles wat ons doen.**

**Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat vir ons wys hoe 'n belangrike deel gebed van hulle lewenstories was.**



**Antwoorde:** 1. Stefanus 2. Dawid (dwars) 2. Die Offisier (af) 3. Elia 4. Anna 5. Nehemia 6. Paulus 7. Hanna 8. Petrus 9. Hiskia 10. Jesus 11. Maria 12. Moses 13. Daniël

**Dwars:**

2. In Psalm 51 bely hy sy skuld oor sy sonde.
3. Hy het deur gebed die Here gevra om aan Sy volk Sy mag te wys, sodat hulle tot bekering kan kom (1 Konings 18:36-40).
7. Eli het gedink sy is dronk omdat sy in haar gedagtes die Here vir 'n seuntjie gesmeek het (1 Samuel 9-19).
8. Hy het gekniel en God gevra om Tabita weer lewendig te maak (Handelinge 9:40).
10. Hy het na afgesonderde plekke gegaan om te bid (Lukas 5:16).
11. Hierdie gebed was 'n loflied waarin sy God vir sy grootheid en ontferming prys (Lukas 1:46-55).
12. Die Here het met hom gepraat soos 'n man met sy vriend (Eksodus 33:11).
13. Daaglikse gebed, drie keer 'n dag, was deel van sy lewe en dit was ook waar sy vyande hom gekry het (Daniël 6:10-12).

**Af:**

1. Sy gebed terwyl hy gestenig word, weerspieël Jesus se gebed aan die kruis waarin Hy God vra om sy vyande te vergeef (Handelinge 7:59-60).
2. Jesus het gesê dat Hy nie so 'n groot geloof in die hele Israel teëgekom het soos van hierdie man nie (Matteus 8:5-13).
4. Hierdie profetes het meeste van haar lewe by die tempel deurgebring en daar gevas en gebid. Hier het sy die Here gedank vir die Kindjie en met almal oor Hom gepraat (Lukas 2:36-38).
5. Met 'n skietgebed na God het hy gevra dat koning Artasasta hom goedgesind sal wees sodat hy Jerusalem kan herbou (Nehemia 2:4-6).
6. Hierdie man, wat eens 'n vervolger van Christus was, staan nou op sy knieë en bid vir die gemeente in Efese (Efesiërs 3:14-21).
9. Hierdie koning het voor sy dood, as gevolg van siekte, bitterlik gehuil en God gevra om hom te spaar. God het gehoor gegee aan sy smekinge (2 Konings 20:1-6).

# Kinderhoekie

## Die houthuis

Nicola du Plessis

Ek staar by die klasvenster uit. Ek sien die rugbyveld en in die agtergrond die berg. Elke keer as ek so na die berg sit en staar, wonder ek wie of wat 'n paar honderd jaar gelede daar gebly het.

Vandag sien ek vir die eerste keer 'n houthuisie, wat amper op die piek gebou is, raak. Soos gewoonlik dwaal my gedagtes baie vinnig baie ver.

'n Meisie van omtrent my ouderdom hardloop laggend buite rond saam met die buurplaas se kinders. Gillend spring hulle in die dam. Hulle baljaar lekker toe die wolke begin saampak. 'n Blits slaan in die verte en hulle swem dadelik na die kant toe. Laggend hardloop hulle die huis binne. Met handdoeke om hulle gevou, sit hulle voor die koolstofie waarop 'n effens geroeste blikketel staan en kook. Kort voor lank is die drie, nou al weer droog, vas aan die slaap. Die stomende teekoppies staan vergete op die kombuistafel ...

My gedagtes word na die hede toe teruggeruk toe daar 'n papier op my tafel land. 'Verhalende opstel' staan groot voorop gedruk. Fantasties!

"Reg, julle gaan nou 'n verhalende opstel van 300 tot 350 woorde skryf. Dink mooi voor jy begin en onthou jou beplanning. Lekker skryf." Juffrou gaan sit by haar tafel. "As julle hulp nodig het, steek jou hand op of gebruik 'n woordeboek."

Dis nie tien minute nie of Sarel steek sy hand op. Ek sug by voorbaat. Hy vra altyd die simpelste vrae. Juffrou sê altyd daar is nie iets soos 'n dom vraag nie, maar ek dink in Sarel se geval sal 'n uitsondering ernstig oorweeg moet word...



"Juffrou, wat beteken konfidensieel?" Ek kyk op. Dis sowaar nie só 'n dom vraag nie.
"Dis 'n geheim, Sarel," antwoord Juffrou, sonder om van haar nasienwerk af op te kyk.
"Juffrou, dit kan nie so 'n groot geheim wees nie, dit staan dan hier in die woordeboek."
Ek rol my oë. Dít moes ek seker sien kom het. Hy kan nooit die geleentheid laat verby gaan om 'n simpel grap te maak nie.

Die klok lui skril om die einde van die dag aan te kondig. "As jy nie klaar is nie, doen dit asseblief vir huiswerk vir Vrydag. Môre wil ek met die voorgeskrewe leesboek aangaan." My gedagtes is steeds by die huisie op die berg toe ek by my ma se kar aankom.

Wat as dit nie 'n huisie is nie, maar die polisiekantoor van 'n honderd jaar terug? Wat is die kanse dat dit die huis is van een of ander bekende in die geskiedenis van Suid-Afrika?

"Ma, wat is die doel van daardie ou houthuisie op die berg?"

"My kind, jy sal my nie glo as ek jou vertel nie. Dit is die huisie waar jou oupagrootjie se oupa-hulle gewoon het toe hulle so oud soos jy was. Die werf waar hulle gebly het is nou deel van 'n bewaringsgebied. My oupagrootjie-hulle het per ongeluk een dag stokou beendere daar op die berg gevind. Wetenskaplikes het ondersoek ingestel en vasgestel dat dit dinosourusbene is. As jy wil, kan ons in die vakansie die opgrawingsgebied en die museum wat nou in die huisie is, gaan besoek."

My dagdromery van vroeër gaan die skryf van hierdie opstel sommer baie glad laat verloop. Net jammer ek gaan tot die vakansie moet wag om te gaan kyk hoe dit werklik daar lyk.

## Inkleurprent

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!




# Jongmensjolyt



## Doolhof - Hoe praat God met ons?

Help vir Karel om deur die doolhof van begin tot einde te gaan deur die vragies te antwoord. Die korrekte antwoord mag jou dalk help om vinniger by die einde uit te kom!




*Onthou: Ons het nou die volledige Bybel - alles wat God wil hê ons moet weet. Al het God mense gebruik om die Bybel te skryf, is dit Sý Woord aan ons.
*God wil dan hê ons moet met Hom terugpraat deur te bid! Lees 1 Tessalonisense 5:17.

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak.

## Blokadvertensies

### DIE FONTEIN GELDJIES

**Ons herinner ons lidmate wat papier weergawes van Die Fontein Maandblad ontvang om asb. hul donasie vir die jaar sal inbetaal. Dit help baie om die drukkostes te dek! Dit kan in die kerkkasrekening inbetaal word met verwysing: Maandblad of Die Fontein. Baie dankie!**

### Deputate Diakonale Sake (DDS)

DEPUTATE DIAKONALE SAKE – DDS – EEN GEMEENSKAP IN CHRISTUS

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA – DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Die DDS bied ondersteuning aan Diakonieë binne die GKSA en koördineer hul werksaamhede.

*Lees meer oor die DDS se werksaamhede in die nuusbrief –* *CURANTIS NUUS*

### Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angsversteuring of verslawing?
Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.



Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za

### GEBEDSGROEP VIR JEUG

"Laat die kindertjies na My toe kom..."
Lukas 18:16

"Bid gedurig."
1 Tess 5:17

Kontak:
Anneën van der Merwe
072 671 8373
of skandeer die QR-kode na die groep.

Met die doop van elke kindjie belowe ons as gemeente om die kindjie te ontvang, vir hom/haar te bid, lief te hê en 'n voorbeeld te wees.
Ons is opsoek na mense wat bereid is om ons kinderjies na Jesus toe te bring deur vurig vir hulle te bid!

### *Stille Week*
### *29 Maart – 5 April*

*29 Maart Palmsondag erediens – 8:30*
*30 Maart Oordenking – 19:00*
*31 Maart Oordenking – 19:00*
*1 April Oordenking – 19:00*
*2 April Paasnagmaal – 18:00*
*Gemeente-ete – 19:30*
*3 April Goeie Vrydag erediens – 8:00*
*Oordenking – 19:00*
*4 April Oordenking – 19:00*
*5 April vroeë Paasviering – 6:00*
*Paassondag erediens – 8:30*

# Advertensies















## Blokadvertensies

Gereformeerde Kerk Kameeldrift
nooi almal uit na hul 50 jaar Fees !

Hou die datums oop -
naweek van DV 22 tot 24 Mei 2026




Ons nooi oudlidmate en persone wat verbonde was aan die gemeente om met ons in verbinding te tree.

Kontakbesonderhede: Elize van der Walt
kerkkameeldrift@gmail.com







Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

www